Karin ons eie "boerenooi"

RUSTENBURG - "Dit was eintlik net vir die pret," skaterlag Karin Smith van Rustenburg wat vir die immergewilde reeks op kykNet, "Boer soek 'n Vrou" ingeskryf het.

Karin, 'n 24-jarige student aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroom-kampus), vertel dat haar ousus en 'n vriendin haar aangepor het om vir haar gunsteling-boer te skryf. Na deeglike oorweging het sy op die saai- en veeboer, Pieter, besluit en haar briefie was in die pos.

Maar hoekom Pieter? "Definitief sy geloofsoortuiging," gesels Karin, "en natuurlik die feit dat hy met leeus teel".

Pieter het van al die boere die meeste inskrywings ontvang en Karin was een van sy Top 10-keuses gewees. Hy het na 'n intelligente, saggeaarde meisie met 'n mooi voorkoms gesoek, en dié beskrywing het Karin soos 'n handskoen gepas.

Maar eers moes Karin een van haar grootste vrese - om te vlieg - oorwin. Die dames is na Kaapstad gevlieg waar hulle 'n blitsafspraak met die onderskeie boere gehad het. Karin vertel dat Pieter haar grotendeels uitgevra het oor haar belangstellings en haar gesinslewe. Uit die tien dames moes die boere hul Top 5 kies waarvan Karin een was.

Karin en een van die ander gekose dames, Marlize, het sommer vinnig groot vriende geword. "Ons het dadelik aanklank gevind en is steeds vriende," vertel sy.

Daarna is die vyf meisies op 'n groepafspraak saam met Pieter waar hulle moes leer om sushi te maak. "Ek haat sushi," lag sy, "maar ek moet sê, ek dink myne het die beste uitgekom".

Vir Karin was dit aanvanklik maar "akward" voor al die kameras, maar sy vertel dat jy dit later gewoond raak. "Ek het hier gesien dat almal ook maar net mense is. Elma, die aanbieder, is 'n wonderlike persoon en ons het ook baie met Nina Swart van die produksiespan in aanraking gekom".

Na middagete was dit weer tyd vir 'n geselsie met Pieter en later moes hy toe sy keuse maak.

Ongelukkig was Karin nie onder sy Top 3 meisies wat later saam met hom plaas toe sou gaan nie.

"Dit was nie 'n lekker gevoel nie," vertel sy maar lag in dieselfde asem: "I was dumped on national TV". "Ek moet sê, ek was dalk nie heeltemal myself nie. Ek is een van daardie mense wat eers skaam is, maar sodra ek die mense leer ken, kruip ek uit my dop. Tog was dit oor die algemeen 'n baie goeie ondervinding".

Maar die hoop beskaam nie en Karin het intussen 'n boer van Middelburg ontmoet. "'n Baie groot man met 'n klein hartjie," vertel sy met 'n glinster in die oog...

KARIN SMITH van Rustenburg was een van die "Boer soek 'n Vrou"-deelnemers, Pieter, se Top 5-meisies. Sy was vanjaar ook een van die Top 10-finaliste in die Rustenburg Herald Mej Skou-kompetisie.

RENÉ SCHOOMBEE and Ronelle van Vollenhoven, two local Librarians participated in the second International Annual Storytelling Conference that took place at UNISA recently. René, Information Facilitator at Laerskool Rustenburg and Ronelle, a Programme Librarian at the NW Library Services conducted a workshop together and both of them also delivered a paper during the conference. Speakers from all over the world partook in this event and Ronelle and Rene was worthy ambassadors for Rustenburg.

Rustenburg
Belastingbetalersvereniging
www.rbbv.co.za - registrasie@rbbv.co.za
(RBBV)
PUBLIEKE VERGADERING
PLEK: Rustenburg Skougronde - Hoof Paviljoen
DATUM: Donderdag, 21ste Oktober 2010
TYD: 18:00 (Vergadering begin stiptelik om 18:00)
Alle belastingbetalers dringend benodig.
Aansoekvorms beskikbaar by die vergadering.
"As jy 'n verskil wil maak in ons dorp dan moet jy die vergadering bywoon"
ALMAL WELKOM - Kom kuier saam met ons

dpwrt
Department:
Public Works; Roads and Transport
North West Provincial Government
Republic of South Africa

BIDS ARE HEREBY INVITED FOR:

BID No.	DESCRIPTION	PRE-BID MEETING / SITE INSPECTION	EVALUATION
PWRT 148/10A	Repair work at the Potchefstroom Agricultural College. The required CIDB Grading is 3GB or higher	There will be a compulsory pre-award meeting on 01 November 2010 on site	90/10 Price: 90 Points 10 Points will be divided as follows: Women: 1 Point; Disability: 1 Point; Youth: 1 Point; Non-Franchise: 2 Points. Locality: 5 Points

Bid documents will be sold at the Department of Public Works, Roads and Transport, Ngaka Modiri Molema Road at Gate House.
A **non-refundable** deposit of R100.00 is payable for each bid document
Closing date for bids: **12 November 2010 at 11h00**
For more information, all enquiries related to the above mentioned bids should be directed to: Mr M Sepotokela at 0183872170
IMPORTANT NOTICE: Should the tax clearance certificate NOT be attached or not be original copy or not be signed by South African Revenue Services (*SARS*) by closing of the bid, the bid will be regarded as invalid.
No faxed or emailed bids will be accepted.
Visit us at: *www.nwpg.gov.za/public works*
Nnopo Consulting 0130